PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

LUG U MENING

WETSONTWERP OP KLIMAATVERANDERING [B9 – 2022]

Die Portefeuljekomitee oor Omgewing, Bosbou en Visserye nooi belangstellende persone en belanghebbendes uit om skriftelike kommentaar oor die Wetsontwerp op Klimaatverandering [B9 – 2022] in te dien.

Die wetsontwerp het ten doel: Om die ontwikkeling van 'n doeltreffende klimaatveranderingreaksie en 'n langtermyn, regverdige oorgang na 'n laekoolstof- en klimaatbestande ekonomie en samelewing vir Suid-Afrika in die konteks van volhoubare ontwikkeling moontlik te maak; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Skriftelike voorleggings moet teen nie later nie as Vrydag, 27 Mei 2022 per e-pos aan me Tyhileka Madubela by climatechangebill2022@parliament.gov.za gestuur word. Benewens die skriftelike kommentaar, dui asseblief aan of u daarin sou belangstel om 'n mondelinge voorlegging te doen.

Vir navrae of om 'n afskrif van die wetsontwerp te bekom, kontak asseblief me T Madubela op sel 083 709 8401, e-pos climatechangebill2022@parliament.gov.za of besoek die parlementêre webwerf by www.parliament.gov.za .

Uitgereik deur me A F Muthambi, LP
Voorsitter van die Portefeuljekomitee oor Omgewing, Bosbou en Visserye

Parliament – Following up on our commitments to the People – Making your future work better